◆ MENSE

Bibliotekaris volg haar hart

Na die voltooiing van haar studies aan Stellenbosch Universiteit het Anel de Villiers haar loopbaan in die Provinsiale Biblioteekdiens as streekbibliotekaris van Graaf-Reinetstreek in 1989 begin.

In 1993 het sy deel gevorm van die streke wat na Worcester verskuif het waar sy eers streekbibliotekaris van Ceresstreek en later in 1997 van Worcesterstreek was.

Anel is 'n gebore en getoë Kapenaar en was baie gelukkig op Worcester. Met die jare het sy egter begin besef dat 'n ander roeping vir haar belangrik word. Sy het deeltyds 'n kursus in kinderbediening deur UNISA gevolg en deeltyds begin met gemeenskapwerk. Anel was so gelukkig om 'n voltydse pos in gemeenskapwerk by Bidasa in Rawsonville te bekom. Dit beteken sy kan die werk doen wat nou haar roeping geword het, maar terselfdertyd hoef sy ook nie haar wortels te lig nie. Dit is 'n nuwe projek en dit beteken dat Anel haar eie stempel sal kan afdruk wat 'n groot uitdaging is. Bidasa begin nou 'n verskeidenheid van gemeenskapsprojekte in die Boland. Van die gemeenskapwerkers word verwag om met gemeenskapleiers te onderhandel, asook met ander belanghebbendes in die gemeenskap en natuurlik is daar ook administratiewe werk.

Streekwerk het definitief vir Anel 'n goeie agtergrond verskaf vir die nuwe loopbaangeleentheid en ons wens haar alle sterkte toe vir die toekoms.

Aanwins vir Swellendam

Georgina Thembeka Libalele het grootgeword op Bonnievale en skoolgegaan tussen Bonnievale en Ashton.

Sy is getroud en het vier kinders. Met haar mooi stem, sing sy op spesiale geleenthede soos troues en begrafnisse. Haar liefde vir skoonmaakwerk, maak haar 'n groot gunsteling in die streek, terwyl haar vrolike geaardheid aansteeklik is.

Sy het in Februarie 2005 permanent as algemene werker hier begin werk, maar het reeds die vorige ses maande as kontrakwerker in die streek uitgehelp.

Ons heet haar hartlik welkom in Swellendam Streekbiblioteek.

◆ BOOKS AND AUTHORS

An appetite for adventure

Hunter S Thompson, the acerbic counter-culture writer who popularised a new form of fictional journalism in books like **Fear and loathing in Las Vegas**, died at age of 67. Thompson is credited with helping to pioneer New Journalism - or, as he dubbed it, 'gonzo journalism' - in which the writer made himself an essential component of the story. Much of his earliest work appeared in **Rolling stone**. He also wrote collections such as **Generation of swine** and **Songs of the doomed**. His first novel, **The rum diary** was published in 1998. Other books include **The great shark hunt, Hell's angels** and **The proud highway**. His most recent effort was **Hey Rube: blood sport, the bush doctrine**, and **Downward spiral of dumbness**.

Argus

Famous playwright dies

Arthur Miller, the Pulitzer Prize-winning playwright whose most famous fictional creation, Willy Loman in **Death of a salesman**, came to symbolise the American Dream gone awry, has died. He was 69.

He was awarded the Pulitzer Prize for **Death of a salesman** in 1949, when he was just 33 years old. His marriage to Marilyn Monroe in 1956 further catapulted the playwright to fame, though that was publicity he said he never pursued. Miller won the New York Drama Critics' Circle's best play award twice in the 1940s, for **All my sons** in 1947 and for **Salesman** in 1953. He also received a Tony Award for **The crucible.** Miller was one of three children in a middle-class Jewish family. He worked as a loader and shipping clerk to earn tuition money and eventually attended the University of Michigan, where he obtained a bachelor's degree in 1938.

Argus

◆ LITERARY AWARDS

'Old man' caught Nobel's attention

It was the narrative of an old Cuban fisherman's struggle against nature which finally persuaded the Swedish Academy that Ernest Hemingway wasn't too rich or famous to be honoured with a Nobel prize.

In 1947 Swedish writer and Academy member Per Halstrom criticised the author for hurling readers straight into the story, a practice which had 'little to do with the art of the novel'.

Hemingway was discussed again in 1950, but his **Across the river and into the trees** was found by the head of the Academy to contain 'a regretful relaxation both in terms of technique and human interest'.

Hemingway's 1952 novel, however, **The old man and the sea,** convinced members of the Academy he had earned his place alongside other laureates for 'his mastery of the art of narrative'.

Cape Times

Greeff wen met kortverhaal

Die bekroonde skrywer en joernalis Rachelle Greeff het die eerste prys ontvang in die Woordfees se nasionale Afrikaanse Kortverhaalkompetisie, wat met die samewerking van Protea Boekhuis en LitNet gehou is. Sy wen R10 000 vir haar verhaal *Swiets in Rhodesië*. Christine Barkhuizen le Roux se *Persiese Sprokie* is in die tweede plek (R7 000). Le Roux het in 2000 met die digbundel**, Dimensie,** gedebuteer en werk tans aan 'n skripsie oor die Nederlandse poësie.

Willemien Brümmer, 'n joernalis van **Die Burger** en MA-student in kreatiewe skryf onder Etienne van Heerden, het met haar verhaal, *Papagena*, die debuutprys van R5 000 ontvang.

Burger

Shukri wen EU-prys

Ishtiyaq Shukri ontvang die eerste Europese Unie (EU) Letterkunde Prys vir sy roman, **The silent minaret.** Die roman handel oor 'n jong Suid-Afrikaanse Moslem wat in Londen woon en dan verdwyn. Ander op die kortlys was: Ronnie Govender **Song of the Atman**, Alvaro Konrad **Sound bites**, Kirsten Miller **All is fish** en Cynthia Kros **Therapy.** Die eerste EU-letterkundeprys vir Engelse debuutromans het 116 inskrywings gelok. Die prys is verlede jaar op die

Nasionale Kunstefees op Grahamstad in die lewe geroep deur die ambassades en hoë-kommissariate van die Europese Unie in Suid-Afrika en het ten doel om nuwe Suid-Afrikaanse werke in EU-lande bekend te stel. Shukri, wat in Johannesburg gebore is en in Engeland die Suid-Asiese en Midde-Oosterse literatuur bestudeer, wen R25 000. Hy ontvang ook 'n uitnodiging na die Winternachten-fees in Nederland.

Burger

Levy claims literary prize

Andrea Levy has won the Whitbread Book of the Year Award, one of Britain's top literary prizes, for **Small island**, her critically acclaimed novel about a Jamaican couple living in postwar Britain.

'It did not come down to the wire. Levy was a clear winner,' said ITN newscaster Trevor McDonald, chairman of the judges for the £25 000 prize.

Argus

Kaapse Bibiliotekaris

40 jaar gelede...

Stefan Wehmeyer *Assistentdirekteur: Steundienste*

- Meer inligting oor die Nienaber versameling van Afrikaanse boeke. Teen 1960 het daar alreeds 14 000 boeke in Afrikaans verskyn en Professor Nienaber het die meeste daarvan in sy versameling gehad. Van die oudste geskrifte is in die versameling. Onder andere, volledige stelle van **De Patriot** en **Ons Klyntji**.
- Bee Jordaan, librarian from Montagu writes about her experiences in collecting information on local history. She really made an effort to collect old photographs and anything relating to the history of the town. I am sure Montagu still has the collection she started?
- Leeskringe kom al van ver af. Mevrou Bouwer skryf 'n interessante artikel oor Leeskringe wat verskyn in 1965. Ek wonder hoeveel mans behoort vandag aan Leeskringe, want destyds was dit maar die vrouens wat Leeskringe bedryf het. Die artikel meld, onder andere, hoe die gasvrou 'n koppie tee moet bedien en dat die Leeskringe nie te groot moes wees nie, anders kon al die dames nie in die sitkamer inpas nie. Befaamde sprekers in die vroeë sestigs by die Oranjezicht Leeskring was, onder andere, Boerneef, WEG Louw en sy vrou, Rosa Nepgen.
- In 1965 library vans were painted blue and the name was changed from 'Bibliobus' to 'Bookvan / Boekwa'.
- With the recent passing away of Reverend Alan Hendrickse it was interesting to read that he was the chairperson in 1965 of a library committee in Uitenhage and that he was involved in talks with the Uitenhage Town Council to enlarge the library.
- In 1965 was daar 'n nypende tekort aan gekwalifiseerde bibliotekarisse en doen die destydse direkteur 'n beroep op praktiserende bibliotekarisse om in die loop van 1965 in elke dorp van die provinsie een jong man of dogter vir die biblioteekwese te rekruteer. Topskaal vir 'n bibliotekaris? R3 480 per jaar.

MISCELLANY

Kaapstadse boekefees

Die Uitgewersvereniging van Suid-Afrika (UVSA) gaan in Junie volgende jaar - met die samewerking van die jaarlikse Frankfurtse boekfees in Duitsland - die eerste Kaapstadse boekefees aanbied. Die fees in Frankfurt is die grootste en suksesvolste van sy soort ter wêreld.

Die boekefees sal van 17 tot 20 Junie 2006 in die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum (Kiks) plaasvind. Die doel van die fees is ook om blootstelling aan vername plaaslike en internasionale uitgewers te bied, en om 'n platform te verskaf om literêre talent in Afrika aan die wêreld bekend te stel. Die voorsitter van die UVSA gaan elke moontlike element van die uitgewersbedryf dek - van skrywers en uitgewers tot papiervervaardigers, drukkers en boekverkopers. Die fokus sal val op lees en kultuur, asook plaaslike skole en biblioteke. Gemeenskappe sal hierby betrek word.

Daar sal veral gepoog word om skrywers in al 11 amptelike tale te betrek by die fees en die tentoonstelling van boeke uit al die gemeenskappe sal aangemoedig word.

Sowat 6 700 uitstallers het verlede jaar aan die Frankfurtse boekefees deelgeneem. Minstens 270 400 mense het die fees besoek met 'n omset van meer as 600 miljoen euro.

Die Burger

NUUT! NUUT! NUUT!

Snuffelkolom

Suzette Marais van Bredasdorp Biblioteek het 'n oulike voorstel ingestuur vir 'n snuffelkolom. Biblioteke kan, byvoorbeeld, oortollige meubels en ander items aanbied of aanvra. Die stadsbiblioteke rekenariseer en raak ontslae van uitreikingslaaie en katalogusse terwyl van die plattelandse biblioteke of munisipaliteite met nuwe projekte die items heelwat goedkoper kan kry. Ons dink dis 'n goeie idee, en wat meer is, dit is heeltemal gratis! So laat weet gerus indien julle iets wil weggee of aanvra.

Are you in the poster?

The Centre for the Book, national co-ordinator of World Book Day in South Africa, organised a nationwide poster campaign whereby approximately 50 000 special posters have been printed and distributed with the assistance of SAPPI South Africa, Scan Shop, the Printers' College of the Print Industries Federation of South Africa and Allied Media.

This year the poster depicts a group of children waiting outside a mobile library in Bonteheuwel on the Cape Flats, circa 1963 (see page 5).

The Cape Community Newspapers will run a feature on the poster to invite the people captured in the photograph to contact the Centre for the Book for a brief interview with them regarding their current reading habits and patronage of public libraries. The photograph is part of the Special Collections at the National Library.

The posters are provided particularly to schools and public libraries around the country. The slogan for this year's campaign is *Reading is Forever*. Posters can be collected from national depots around the country. Please see the website *www.centreforthebook.org.za* for further details of the poster depots and distribution. In the Western Cape posters can be collected from the Centre for the Book at 62 Queen Victoria Street, Cape Town.

Mark Espin
Centre for the Book

Library Week 2005

National Library Week 2005 had as its national slogan *Libraries: Opening the doors of learning and culture to all*. The Western Cape Provincial Library Service linked its campaign to the national slogan with it's own, *Learn Read Succeed*! The campaign aimed to promote literacy, reading and the use of public libraries and education to encourage growth and development.

The slogan *Learn Read Succeed* was developed to focus on the different aspects and benefits of literacy. To illustrate this concept a house built from books was designed. It serves as a symbol of success for many who believe that the acquisition of an own house is the pinnacle of success in life, which can be acquired by empowering oneself by reading, education and a personal philosophy of lifelong learning.

Library Week was celebrated from 14-19 March 2005. To ensure that the campaign was introduced to communities of the Western Cape and to create an awareness of the campaign, linked to the fiftieth anniversary of the Freedom Charter accepted by the People's Congress in Kliptown, Soweto in June 1955, three launches were held, on 15 March in the newly-built Moorreesburg Public Library and on 16 March the main launch at Nazeema Isaacs Public Library, Khayelitsha as well as a function at the CJ Langenhoven Public Library in Oudtshoorn.

As in the past the Provincial Library Service went to great lengths to design, produce and distribute free promotional material to public libraries affiliated to the Western Cape Provincial Library Service via the regional organisation. This new material, including posters, bookmarks and plastic bags were distributed during Library Week celebrations.

Janine de Villiers

Above: Local crafters were invited to display their products at the Library Week launch in Nazeema Isaacs Library in Khayelitsha

Right from top to bottom:

Public librarians from other libraries were also present at the launch

Speakers included (ltr) Naomi Haasbroek, Chair LIASA Western Cape, Ingrid Thomson Public Relations Officer LIASA and Carol van Wyk, University of the Western Cape-Robben Island Mayibuyi Archives

The choir of the local Masipumelele Primary School provided entertainment

The friendly and helpful staff of the Nazeema Isaacs Public Library, with Dorothy Bothman, area manager (front right)



◁ World Book Day

The World Book Day poster distributed by the Centre for the Book to commemorate World Book Day. The Cape Community Newspapers will run a feature on the poster to invite the people captured in the photograph to contact the Centre for the Book whereupon a brief interview will be conducted with them regarding their current reading habits and patronage of public libraries. The photograph is part of the Special Collections at the National Library. The slogan for this year's World Book Day campaign is Reading is Forever.